

DRONKENSAP IN DIE SUID- AFRIKAANSE WEERMAG NA AANLEIDING VAN ARTIKEL 33A VAN DIE REGLEMENT VAN DISSIPLINE

KOL J. VAN TROMP*

The SADF member has, apart from the civilian laws, also a military discipline code imposed on him. This code differs from the ordinary laws and in this article special attention is paid to the soldier and drunkenness. Interesting aspects such as the fact that a soldier can be convicted on evidence given by laymen are discussed.

The fact that a member of the SADF is considered to be on duty 24 hours a day implies that to be drunk in his private home after hours also makes him guilty in terms of article 33a of the Military Discipline Code.

Bogenoemde artikel lui soos volg:

'33. Iemand wat —

(a) hetsy in diens of diensvry, dronk is ... is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar, indien hy die misdryf gepleeg het terwyl hy in krygsdiens en aan diens was, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar, en, in enige ander geval, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.'

Die wesentliche faset wat hier teen die beskuldigde bewys moet word, is enkel en alleen dat hy dronk was. 'Onder die invloed van drank' sou nie voldoende wees nie. Die vraag is dan ook dadelik of hierdie toestand van dronkenskap slegs deur bedwelmende drank veroorsaak kan word. Wat van ander middels wat dieselfde effek as alkoholiese drank op die persoon het? Daar gaan eens te veel van die veronderstelling uit dat 'n weermagslid slegs aan hierdie misdryf skuldig kan wees weens te veel alkoholiese drank te gebruik. Regtens is hierdie veronderstelling foutief en ongegrond. Dié misdryf kan ook gepleeg word deur te veel narkotiese of bedwelmende middels anders as alkoholiese drank in te neem, hetsy per mond, deur inaseming of deur inspuiting. Dit sluit dus dagga, opium, luminaal, LSD en middels wat 'n dergelike uitwerking op die lid het, in.¹

Ingevolge a. 33(a) voornoemd, is dronkenskap 'n substantiewe misdryf, en hou as sodanig geen verband met die pleeg van 'n ander misdryf as gevolg van die dronkenskap nie.² Dit is nie die gevolge van die misdryf van dronkenskap wat gestraf word nie; dit is die einste toestand van dronk te wees. Of die beskuldigde nou toerekeningsvatbaar is as gevolg van die inname van drank of ander middels is hier nie ter sake nie. En of daar by hom die sogenaamde 'intention' was om dronk te word, affekteer ook nie die posisie nie.³ Dit geld ook die feit of hy deur nalatigheid of strydig met sy eie vrye wil, in daardie toestand beland het. Die hof sal enkel en alleen moet beslis oor die vraag of beskuldigde dronk was al dan nie. Hier rus die bewyslas dan geheel en al op die Staat om die misdryf van dronkenskap te bewys.

Die vraag of die beskuldigde wel ingevolge voormelde bepaling dronk was, is nie so maklik om summier af te handel nie. Wanneer kan bo 'n redelike twyfel gesê word dat 'n weermagslid aan hierdie misdryf skuldig is? Die Staat hoef sy saak natuurlik slegs bo 'n redelike twyfel te bewys.⁴ Dit is egter

* Kolonel J. van Tromp, BA, LID (Stellenbosch) is Hoof van die Regsafdeling by die Militêre Akademie, Saldanha.

1. Sien R v Innes Grant 1949 (1) SA 753(A).

2. Vgl a. 350 van die Strafproseswet 56 van 1955.

3. Vgl R v Pethla 1956 (4) SA 605(A) op 608F.

4. Vide R v Difford 1937 AD 370 op 373.

nie vir die Staat nodig om elke moontlike of onmoontlike skuiwergat toe te stop nie. 'In my opinion, there is no obligation upon the Crown to close every avenue of escape which may be said to be open to an accused. It is sufficient for the Crown to produce evidence by means of which such a high degree of probability is raised that the ordinary reasonable man, after mature consideration, comes to the conclusion that there exists no reasonable doubt that the accused has committed the crime charged. He must, in other words, be morally certain of the guilt of the accused.'⁵

Word die weermagslid sonder enige skuld aan sy kant dronk, sou hy tegnies nog bovermelde artikel oortree het. Want sy sonde is dat hy 'dronk' is. Is die dronkenskap die gevolg van sekere onbeheerbare neigings of swakhede, sou dit ook nie die lid se skuld uitwis nie. Hy het die misdryf nog gepleeg. In voornoemde omstandighede sou dit egter strafversagting werk, en sou die oortreding slegs tegnies wees. Die rede hiervoor is voor die hand liggend: hier word nie na die oorsaak van dronkenskap of die gevolge wat daaruit voortspruit gekyk nie, maar na die feitlike toestand waarin die beskuldigde op daardie stadium is.⁶ Sy skuld ontstaan die oomblik toe hy in die toestand van dronkenskap verkeer het. Of daar as gevolg van daardie toestand enige ander wandade sou voortspruit, is ter sake slegs in soverre uit die hof kan help om tot een of ander gevolgtrekking te kom. En, anders as wanneer die wandad wat die beskuldigde pleeg as gevolg van dronk te wees, deur die subjektiewe toets beoordeel te word, sal in die geval van hierdie misdryf die objektiewe toets toegepas word.

Die vraag is: Wanneer kan bepaal word dat 'n weermagslid dronk is? Wat is die simptome of tekens dat hy dronk is? Is 'n lid wie se oë rooi of bloedbelope is, wat onvas op sy voete is, wie se spraak swaar en skor is, wie se bewegings nie normaal is nie, wie se oriëntasie swak is, of wie se bloedalkohol, 15% of meer is, dronk ingevolg a. 33(a)? Is al of slegs sommige van voornoemde simptome of tekens noodsaaklik om dronkenskap te bepaal bo 'n redelike twyfel?

Daar is verskeie omskrywings van hierdie ongelukkige menslike toestand. Hier word net die mees aanneemlikes weergegee. Volgens *Die Afrikaanse Woordeboek*⁷ word hierdie

toestand as volg omskrywe: 'dronk: In so 'n mate onder die invloed van 'n bedwelmende middel, veral alkoholiese drank (is), dat die gebruik van die liggaamlike en verstandelike vermoëns wesenlik belemmer is.' Gardiner en Lansdown⁸ omskrywe hierdie toestand as volg: 'For the great generality of cases it is submitted that a man is drunk who, by reason of the alcohol which he has consumed, has lost control of his mental or physical faculties, or both, to such an extent as to render him incapable of comporting himself, or of performing any act in which he is engaged, with safety to himself or with that regard for the rights of others which the law demands. The state of drunkenness is something different from the state of being under the influence of liquor.'⁹ Voeg die inname van ander bedwelmende middels by, en laasgenoemde omskrywing is die mees aanneemlik.

Die wetgewer het wyslik nie probeer om 'n definisie van wanneer iemand dronk is, te gee nie. Dit is egter interessant om na die Britse 'Army Act' 1955 a. 43 te kyk. Artikel 43(1) van hierdie 'Army Act' is wesenlik dieselfde as a. 33(a) nou onder behandeling. Die straf vir hierdie misdryf, veral wat offisiere betref, is in die geval van die 'Army Act' swaarder, en dié in die geval van adjudant- en onderoffisiere asook manskappe, ligter as dié waarvoor a. 33 van die Reglement van Disipline voorsiening maak. Wat eintlik van belang is, is dat die 'Army Act' a. 43(2) wel 'n omskrywing gee van wanneer 'n lid aan hierdie misdryf skuldig sou wees: 'For the purposes of this section a person is guilty of drunkenness if owing to the influence of alcohol or any drug, whether alone or in combination with any other circumstances, he is unfit to be entrusted with his duty or with any duty which he may be called upon to perform, or behaves in a disorderly manner or in any manner likely to bring discredit on Her Majes-

5. Per Malan AR in R v Mlambo 1957 (4) SA 727(A) op 738. Appèlregter Malan se uitspraak was 'n minderheidsuitspraak, dog in die latere saak van S v Rama 1966 (2) SA 395(A) op 400ff het die Appèlhof beslis dat dit die korrekte siening is.

6. Die saak van S v Johnson 1969 (1) SA 201(A) behandel die gevolge van onvrywillige en vrywillige dronkenskap en verskoning aldan nie.

7. Woordeboek van die Afrikaanse Taal (Pretoria: Die Staatsdrukker)

8. South African Criminal Law and Procedure 6 uitg (1957) II 1240.

9. Sien ook R v Jacobs 1940 TPD 142; en R v Koto 1952 (1) PH H59(e).

ty's service.' Waar daar hier gepraat word van 'duty or with any duty which he may be called upon to perform' word seer sekerlik net verwys na pligte wat binne die raamwerk val van die globale militêre opset. Die Engelse toets is die onbekwaamheid of ongeschiktheid van die beskuldigde om die pligte aan hom toevertrou uit te voer, afgesien van die diskrediet wat hy Haar Majesteit se weermag aandoen. In die Suid-Afrikaanse Weermag, is die blote feit dat hy dronk is, voldoende. Indien die beskuldigde nie sy pligte as gevolg van die dronkenskap kan uitvoer nie, sou dit onteenseglik 'n bewys van die misdryf wees, en kan dit dan heel waarskynlik aanleiding gee tot 'n ander strafbare waandaad.

Die bewyslas of 'n weermagslid aan hierdie misdryf skuldig is, sal rus op opinie-getuienis, omstandighedsgetuienis en afleidings wat die hof sal moet doen. Dit is noodsaaklik dat getuienis wat getuig dat 'n lid dronk was, hul stelling moet motiveer. Om vas te stel of 'n lid ingevolge hierdie artikel dronk is, behoort hy nie deur iemand anders as 'n geneesheer aan die daarvoor bedoelde toets onderwerp te word nie. Daar moet egter op gelet te word dat alhoewel dit raadsaam onder sekere omstandighede mag wees om die hulp van 'n geneesheer in te roep, dit geensins 'n vereiste is nie.¹⁰

Waar die beskuldigde, indien hy arres aangesê word of daadwerklik gearresteer word weens hierdie misdryf, egter versoek om deur deur sy geneesheer, of by gebreke van sy eie, deur 'n ander ondersoek te word, is dit die plig van die persoon wat die dronke arres aansê of arresteer, of die verantwoordelike instansie, om die dronke aldus te help om 'n geneesheer te bekom vir die verlangde ondersoek.¹¹ Hierdie geneesheer sal 'n noodsaaklike getuie by die verhoor van die beskuldigde wees.

Nie slegs die leek se getuienis op die vraag of die beskuldigde op die gestelde tyd dronk was, is opinie-getuienis nie. Dit geld ook vir die getuienis van 'n geneesheer of ander beskuldigdes. Dit is nie die taak van die lekegetuie of deskundige om oor die feitlike vraag van dronkenskap aldan nie, te beslis nie. Dit is die taak en prerogatief van die hof.¹² 'Thus, on a question whether the accused was drunk or under the influence of intoxicating liquor, the expert may not affirm

that he was or was not: he may state his opinion on the point and must set forth the grounds on which he based it. It will then be for the court to assess the value of the opinion.'¹³ Hierdie stelreël geld nie net vir deskundiges nie, maar ook vir ander getuies. Dergelike opinie-getuienis mag (gewoonlik is dit die geval) 'n hof beïnvloed, en wel tot nadeel van die beskuldigde. Die teendeel kan ook waar wees en kan dié soort getuienis die hof help om tot 'n regverdige beslissing te geraak.¹⁴

Volgens L.H. Hoffman¹⁵ is die hedendaagse praktyk die volgende:

'(1) In testifying to what he has perceived, a witness, whether or not an expert, may give his testimony in terms which include inferences and may state all relevant inferences, whether or not embracing ultimate issues to be decided by the trier of fact, unless the judge finds —

(a) that to draw such inferences requires a special knowledge, skill, experience, or training which the witness does not possess, or

(b) that the witness can readily and with equal accuracy and adequacy communicate what he has perceived to the trier of fact without testifying in terms of inference or stating inferences, and his use of inferences in testifying will be likely to mislead the trier of fact to the prejudice of the objecting party.

(2) The judge may require that a witness, before testifying in terms of inference, be first examined concerning the data upon which the inference is founded.'

Alhoewel dit die taak van die hof is om te besluit of 'n getuie werklik bevoeg is om die hof aldus te help, gebeur dit normaalweg in die praktyk dat die aanklaer of die verdediging die grondslag lê om aan te toon dat die deskundige (of nie-deskundige) getuie wel

10. R v Commons 1952(1) PH09(C); R v Brorson 1949(2) SA 819(T).

11. R v Padraath 1937(2) PH 023(N).

12. R v Vilbro 1957(3) SA 223(a) op 228.

13. Gardiner en Lansdown op cit I 634.

14. R v Herholdt (1) 1956(2) SA 714(W).

15. The South African Law of Evidence 2 uitg (1970) 75ff, na aanleiding van die American Law Institute's Model Code of Evidence rule 401.

bevoeg is aldan nie, om oor die toestand van, in hierdie geval, 'n dronke, te getuig. 'n Hof mag of behoort in elk geval nie blindelings die getuienis van 'n deskundige te volg of te aanvaar nie. Die hof moet homself tevrede stel dat dit noodsaaklik, veilig en geregverdig is om hom op hierdie soort getuienis te verlaat. '(A) court should not blindly accept and act upon the evidence of an expert witness ... but must decide for itself whether it can safely accept the expert's opinion. But once it is satisfied that it can so accept it, the court gives effect to that conclusion even if its own observation does not positively confirm it.'¹⁶

Indirekte of omstandighedsgetuienis sou uit die aard van die saak normaalweg vir die hof van deurslaggewende belang wees. Dit sal vir die hof dus wees om sy eie afleidings te maak. Die afleiding wat die hof maak moet die enigste redelike afleiding ter uitsluiting van ander moontlike afleidings wees. '(1) The inference sought to be drawn must be consistent with all the proved facts. If it is not, then the inference cannot be drawn. (2) The proved facts should be such that they exclude every reasonable inference from them save the one sought to be drawn. If they do not exclude other reasonable inferences, then there must be a doubt whether the inference sought to be drawn is correct.'¹⁷ Daar dien gelet te word dat die Staat se getuienis in sy geheel of globaal geneem, voldoende bewys moet lewer van die beskuldigde se skuld. Dit is eintlik die kumulatiewe effek van die aangebode getuienis wat deurslaggewend is.¹⁸

Daar is gevalle waar 'n hof in hierdie soort sake te geneë is om lekegetuienis te aanvaar en 'n beskuldigde dan skuldig bevind. Dit is waar, die getuienis van 'n polisiebeampte, ryk aan ondervinding en ervaring, is of kan deurslaggewend wes. Dog dit lyk verregaande om die getuienis van 'n polisieman bo dié van 'n geneesheer te verkies omdat laasgenoemde 'very often have doubts and difficulties and will not express a definite opinion, whereas in most of these cases (van dronkenskap) an experienced policeman has no hesitation in expressing a definite opinion as to the state of a man's sobriety.'¹⁹ Hierdie is 'n gevaarlike voorbeeld en moet met die grootste omsigtigheid, indien nie huiwering nie, deur 'n hof nagevolg word.²⁰ Die ou gebruiklike rymple dat die beskuldigde dronk

was omdat sy asem na drank geruik het, sy oë bloedbelope, sy spraak swaar en hy was onvas op sy voete, kan 'n wesentlike gevaar inhou vir reg en regverdigheid indien 'n hof nie op sy hoede is nie. Voormelde tekens of simptome is op hulle meeste faktore wat help om die toestand van die beskuldigde op die gestelde tyd te bepaal. Hulle kan gesamentlik of afsonderlik met ander faktore of simptome wel die hof help om af te lei dat die beskuldigde dronk was ingevolge a. 33(a), dog die hof sal van al die getuienis en omstandighede self die nodige afleiding maak, soos in Blom se saak²¹ uiteengesit is, dat die beskuldigde dronk was aldan nie.

Die vraag vroeër hierin gestel: Wanneer kan dan gesê word is 'n weermagslid dronk ingevolge die bepaling van a.33(a)?, kan soos volg beantwoord word: 'n Weermagslid is dronk en strafbaar ingevolge die bepaling van a. 33(a) wanneer hy in so 'n mate onder die invloed van 'n bedwelmende middel, hetsy alkoholiese drank of 'n ander middel wat daardie uitwerking op hom het, of hy dit afsonderlik of gesamentlik aldus ingeneem het aldan nie, of hy dit per mond, deur inademing of onderhuids ingeneem het, verkeer, dat dit sy liggaamlike en of verstandelike vermoë belemmer het.

Daar dien egter verder gelet te word op die bepaling van a. 33(a). Dat 'n persoon wat aan diens dronk is, skuldig en strafwaardig is, is nie oor te redekawel nie. Uit die aard van sy beroep moet 'n weermagslid, offisier of ander lid, nugter wees om sy belangrike taak in belang van ons land en sy mense, in vredes- sowel as in oorlogstyd, getrou na

-
16. R v Nksatlala 1960(3) SA 543(A), die dictum van Schreiner AR op 546; S v Harris 1965(2) SA 340(A) op 346D-H en 349D-E. Iets dergeliks ivm handskrif is te vinde in die Strafproseswet 56 van 1955 a. 248. Maar sien ook R v Theunissen 1948(4) SA 43(K), waar 'n landdros sonder meer die getuienis van 'n geneesheer aanvaar het dat die beskuldigde onder die invloed van alkoholiese drank was en dus onbevoeg was om sy voertuig met veiligheid te bestuur. Op appèl het die hof bevind dat die geneesheer, die deskundige, se getuienis in hierdie opsig ontoereikend was vir 'n skuldigbevinding.
 17. R v Blom 1939 AD 183 op 202-3. Sien ook S v Strydom 1967(1) PH H45(N).
 18. Sien S v Gaza 1969(1) P H H51(n) en R v Mtembu 1950(1) SA 670(A) op 679-80.
 19. Viljoen v R 1946(2) PH H268(K).
 20. S v Mhetoa 1968(2) SA 773(0).
 21. R v Blom, reeds onder nota 17 hierbo aangehaal en behandel.

te kom. Maar aan die ander kant moet na die bepaling gekyk word wat 'n lid van die weermag skuldig en strafwaardig maak indien hy 'diensvry' dronk is. Hier maak dit nie saak watter plek of tyd hy dan dronk sou wees om hierdie bepaling te oortree nie. Dit kan te eniger tyd wees en die plek kan of privaat of publiek wees. Die tyd en plek kan onder sekere omstandighede slegs 'n versagtende uitwerking hê, dog nie die skuld van die dronke uitwis nie. Word 'n lid in die openbaar dronk, en bv in die loop van die oggend, spreek dit vanself dat dit 'n perd van 'n ander kleur is as wanneer hy bv in sy huis in die aand laat sou dronk word. In laasgenoemde geval sou die straf seer sekerlik baie geringer wees as in eersgenoemde geval. Die kwelpunt kan wees, waarom sou 'n lid skuldig wees wat diensvry is en by sy huis, bv gedurende 'n partytjie, dronk word, hetsy in teenwoordigheid van ander of alleen? Kom dit nie neer op die inbreuk van sy privaatheid nie? Word hier nie perke gelê op die lid sy vryheid nie? Dit is wel die geval, en hier kan wel gesê word dat daar 'n inbreuk is op die fundamentele vryheid van die lid. Hierdie beperking kan vergelyk word met die bepaling vervat in wette soos die Wet op Oproerige Byeenkomste van 1956, die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme van 1950, en so meer.

Omdat die weermagslid 'n unieke posisie in 'n land beklee, is dit nie snaaks dat ook sy vryhede in sommige opsigte beperk word nie. Hy is uiteindelik dié individu wat die fundamentele regte en vryhede van die landsburgers sal beskerm ten koste van sy eie. Deur sy eie vryhede en regte te beperk, word

ander landsburgers verseker van hulle vryhede. Die beperking van die weermagslid se vryhede, selfs van sy privaatheid, is in belang van die Staat, die vreedsame voortbestaan van volkere binne die Staatsgrense en ook daar buite. Samehangend hiermee is die feit dat 'n lid van die weermag 24 uur per dag in diens is. Hy mag te alle tye opgeroep word om sekere pligte in die breë militêre opset of in landsbelang uit te voer, of hy nou aan diens is of diensvry is. Hiervoor is dit nodig dat hy altyd gereed sal wees. Gereed om diens te lewer. En getroue en effektiewe diens kan alleen deur 'n sober individu gelewer word, al beteken dit dat die lid van die weermag se fundamentele vryheid, selfs privaatheid, daardeur tot 'n mate ingeboet word.

'n Ander belangrike faset van hierdie voormelde beperking is daarin geleë dat van 'n weermagslid verwag word om te alle tye so op te tree dat sy gedrag geen nadelige refleksie op die Weermag as geheel sal werp nie. Waar 'n lid van die Weermag hom deur 'n handeling of versuim wat die goeie orde of militêre dissipline benadeel, hetsy die benadeling werklik of potensieel is, skuldig maak, is hy strafbaar. Hy mag hom nie op onbetaamlike wyse gedra nie. So ook kan dit beswaarlik gesê word dat 'n offisier wat dronk is hom nie op 'n skandelige wyse gedra nie. 'n Man van eer met meegaande verantwoordelijkheid sal waak teen hierdie ongelukkige menslike toestand. Die eer en aansien van die Weermag is ewe-eens gemoed met die doen en late van elke lid daarvan. Die beperking op die vryheid of selfs inbreuk op die privaatheid van 'n lid van die Weermag in gevolg van a. 33(a) is dus geregtig.